

**Skriflesing:** Esegïel 2:8- 3:15

Teks: **Esegïel 3:1-3**

**Sing- SAMESANG- Ps. 62:1,8**

**TYDENS EREDIENS- Ps.18:14,15; Ps. 99:1,4; Ps. 90:1,9; Ps. 95:1,5**

Geliefdes in die HERE- In hfst. 1 het Esegïel hoofsaaklik met sy oë 'n baie indrukwekkende verskyning moes aanskou. Hfst. 2 was dit weer meer die ore van Esegïel, waar Esegïel baie dinge moes hoor, want het dit gegaan om SO SPREEK DIE HERE HERE. Vandag het ons nie die oë en die ore verloor nie, maar nou moet Esegïel ook sy mond oopmaak, hy moet iets kan eet. In die roeping van Esegïel is dit die Here wat praat en in alles staan die werk van God voorop, terwyl Esegïel in sy hele persoon opgeëis word. As jy iets moet eet dan praat jy nie maar net daarvoor nie, maar dan word dit deel van jou, jou alles vleis en bloed raak betrokke. Die eet vereis ook soos die praat dat jy jou mond moet oopmaak, maar die impak wat God op Esegïel maak word dus eintlik net groter en groter. Sy oë, sy ore, sy mond en nou moet sy hele wese, sy maag en alles in hom moet die letters van 'n boekrol eet.

Dit wat op die boekrol geskryf staan was wel reeds geles, anders sou Esegïel nie weet dit alles wat hy aan die einde van hfst. 2 geskryf het nie. Hoe dit voor en agter vol geskryf was en al die klaagliedere en gesug en geweet wat beskryf staan. Esegïel sou dalk tog sekere dinge vir die Here eers wou sê, op 'n manier dalk wou terugpraat, want dit wat nou alles oor hom kom is alles behalwe vir hom goed en reg. In vers 14 staan dit dan ook dat hy ontsteld was, hy was verbitterd, sy gees was grimmig, maar dadelik staan dit daarby- *maar die hand van die Here was sterk op my...* Die hand wat op hom is (1:3) druk eintlik al harder op hom (3:14), ja broeder en suster Esegïel is nie gelukkig wat die Here aan hom doen nie.

Hy wat sopas sy dertigste verjaarsdag gehad het en hy wou eintlik maar net daar aan die kant van die Kebarrivier gaan sit het, om te bid, en om na te dink oor wat van sy lewe wat nou voor hom lê. Hy wat priester sou moes kon word maar vanweë die ballingskap en alles daaromheen dit nie meer sal kan wees nie. Hoe graag sou hy sy volk wou dien, juis as priester die volk se aandag en waardering ontvang vir wie hy wat Esegïel is, dit sou hy eerder wou hê. Die mense se danksegginge en geskenke is mos baie lekkerder en beter om eerder dit alles te ontvang en te beleef. Daarom in die Hebreuse taal wat Esegïel se gemoed beskryf is baie sterk woorde. Letterlik het dit te doen met hy kook oor, hy is verbitterd, hy is baie kwaad. Hy voel hy is eintlik beroof.

Die mens Esegïel, die mensekind, soos hy hier dikwels genoem en selfs aangespreek word, het egter nie die reg waar God se hand sterk op hom is om te dink daardie hand kan ek wegdruk nie. Daardie hand stop in die figuurlike sin sy mond vol woorde, die oomblik as Esegïel dink om sy mond teen die Here oop te maak. Daar is letters wat geëet moet word en nou moet ons dit goed raaksien, broeder en suster. Dit gaan eintlik om toerusting. Toerusting tot die ware prediking dat jy kan weet wat jy doen as dit jy as mens is wat sê- SO SPREEK DIE HERE HERE. 'n Mens sonder die nodige toerusting mag so iets nooit sê dat God spreek terwyl die mens wat dit doen nie eintlik toegerus is nie. Vir hierdie toerusting sal God ook sorg.

\*\*\*

Die Here wat roep, die Here wat spreek, is dieselfde Here wat ook toerus. Al besef Esegïel nog niks van die volle betekenis van wat besig is om te gebeur nie, is dit God wat hom ook sal toerus. As Esegïel sy mond sou oopmaak om te spreek moes daar 'n vroeëre oopmaak ook kon wees. Jy moet jouself dan ook eers oopgemaak het om te eet dit wat God te ete gee.

Pretoria- Voorbereiding- 16 Mei 2010

Die mens Esegiël het dit so nodig waar Esegiël se eie swakheid en sensitiwiteit gehard moet word teenoor 'n volk wat die Here op baie maniere beskryf hoe hard hierdie volk is. In die manier waarop God Esegiël toerus moet Esegiël die refleksie en gevoel van mislukking nie hard op homself toepas nie, want hoor hoe reflekteer die Here dit wat gaan gebeur op Homself. *Vers 7- Maar die huis van Israel sal na jou nie wil luister nie, omdat hulle na My nie wil luister nie, want die hele huis van Israel het 'n harde voorhoof en 'n ongevoelige hart.*

As teenmaatreël van hoe hard Israel dan werklik is gee God aan Esegiël 'n belofte dat die Here vir Esegiël ook hard sal maak. *Kyk Ek maak jou aangesig hard net soos hulle aangesig en jou voorhoof hard net soos hulle voorhoof. Jou voorhoof maak Ek hard soos 'n diamant, harder as 'n rots, jy mag nie vir hulle bevrees of vir hulle verskrik wees nie, omdat hulle 'n wederstrewige huis is...* Dit is alles deel van God se toerusting. God wat eers vir Esegiël ook moet verhard ten einde hom teen hierdie verharde mense werklik sy dienaar en diensbaar te maak.

\*\*\*

Laat ons egter nie vergeet hierdie goddelike verharding is alleen moontlik in wat die agtergrond daarvan is. Die eet van God se Woord. Dit staan eerste- *Mensekind, eet op wat jy vind; eet hierdie rol op en gaan spreek met die huis van Israel.* Daar waar Esegiël nie kieskeurig kan kies en besluit hiervan wil ek eet en hiervan nie. Soos 'n kind baie keer aan tafel maak nie! Die Here het in hfst.2:8 al gesê- *maak jou mond wyd oop en eet wat Ek jou gee...* Alles gebeur met die onsigbare hand van God wat tog sigbare dinge doen. En dan besef ons Esegiël moet maar net eet. Hy het wel eers dit kon lees, Esegiël onderskei fyn in wat op alle kante geskryf staan- hoe dit verskillende dele bevat- klaagliedere en treurliedere en smartroepe, maar Esegiël mag nie Skrifkritiek beoefen nie. Dit gaan om wat jy ook al vind- eet dit! Sy maag sou opgevol kon word nie met wat hyself hom mee wil voed nie, maar wat die Here vir hom gee.

\*\*\*

Broeder en suster, hierdie is waaroor dit alles gaan. Alleen die letters van God, die Woord van God sou die dryfkrag kon wees in wat die jare wat kom, moes dra. Hoe Esegiël onverskrokke met 'n ywer wat die mens nie kan beskryf nie eenvoudig sy boodskap sal laat hoor al is sy hoorders ook hoe hard en onverskrokke in hulle teëgaan van die Woord. Esegiël word hard gemaak maar tog nie so dat hy hom werklik teen God mag verhard nie, al voel hy dalk baie keer binne hoe dit oorkook, is gehoorsaamheid aan God belangriker as sy eie gevoelens en oordele.

Daardie opdrag-kombinasie van EET...en GAAN SPREEK...was by Esegiël soos by Jeremia een saak. Jeremia wat wel die ouer man was, maar tog profete in dieselfde tyd, dan lees ons dit soortgelyk hoe Jeremia dit ontvang het- *Jer. 15:16- Toe u woorde gevind is, het ek hulle opgeëet en u woord was vir my vreugde en vrolikheid vir my hart; want u naam is oor my uitgeroep, HERE, God van die leërskaare...* Ons kan en moet dit sê dat die Here voed sy profete met sy Woord, dit waarmee ons ook gevoed moet word. Dit moet nie maar net gelees word nie, die Woord moet nie maar net gepreek word nie, dit moet nie maar net onder die arm gedra word of maar net aangehoor word nie...dit gaan om baie meer- die Woord moet geëet word, ja dit moet eintlik verslind word. Dit moet ten volle opgeneem word met jou lewe soos kos wat jy letterlik kan eet jou volle deel word.

\*\*\*

In die nuwe verbond is die woord nie 'n enkele letter swakker nie. Intendeel! Johannes op die eiland Patmos het in Openbaring gehoor ook hoe hy die boekie moet eet. Ons lees in Op 10:9-10 hoe die engel aan Johannes al hierdie dinge sê: *Neem en eet dit op...Toe neem ek die*

Pretoria- Voorbereiding- 16 Mei 2010

*boekie uit die hand van die engel en eet dit op en in my mond was dit soet soos heuning, maar toe ek dit geëet het, het my maag bitter geword...*

Uit wat Esegïel moet doen, Jeremia en Johannes elke keer moet die Woord geëet word. Dit sê vir ons (ons wat volgende Sondag ook die Nagmaal wil eet- in 'n sekere sin eet ons die Woord van God by Nagmaal- God se beloftes, God se tekens, God se seëls word geëet) daar moet meer met God se Woord gebeur as om dit maar net te lees. Esegïel het ook gelees (hfst. 2), ons preek die Woord, ons dra die Woord in baie opsigte met ons saam, maar in wat hier gebeur en wat by die Nagmaal onderstreep word, dat God se Woord moet so ons lewens opgeneem word dat ek dit eintlik moet verslind. Dit is 'n lewenswoord. In jou bloed en in jou are moet dit opgeneem en dit moet jou lewe deurvloei soos dit met kos gebeur.

\*\*\*

As dit by die Woord kom gaan dit nie om wat jy as mens kieskeurig kan wees en jy jou lippe optrek vir sekere kosse nie. Mense het in Esegïel se tyd vir hulleself hierdie gewoonte aangeleer, vergelykbaar met Bileam dat die Woord maklik gemaak moet word. Vêr van die hart, waar 'n dooie hart en 'n dooie mond ook die waarheid kan spreek, maar hierdie droewige figure het nie gekom by die eet van die Woord nie. By die geboorte van Christus het die wyse manne by die ooste ook met sulke nie-eters van die Woord in kontak gekom. Owerpriesters en skrifgeleerdes wat presies kon sê waar die Kindjie gebore sal word- dit kom uit hulle eie mond- *Te Bethlehem in Judea, want so is daar deur die profeet geskrywe...* maar hierdie skrifgeleerdes se eie persoon is dood vir die Woord wat hulleself spreek. Hulle het dit nie geëet nie! Hulle het self nie 'n enkele tree in die rigting van Bethlehem gestap nie! Die Here kan sulke ligdraers ook gebruik, maar dit is nie hoe dit moet wees nie. Mense wat ligdraers is maar hulle dra die lig op hulle rug. Wys vir ander die pad wat hulleself nie loop nie

Verskriklik hoe mense hulle eie persoonlikheid van die Here se roeping of amp of werk wil losmaak. Terwyl die wonder van die amp het te doen met net so 'n groot wonder. Die wonder van 'n wedergebore persoonlikheid. Hy wat die Woord van God met oortuiging moet kan bring, moet self eers deur die Woord gegryp wees. Daar kom dit op neer, op die eet van die Woord. Esegïel moet met hierdie gesig en met hierdie woorde van hfst. 1 en 2 één word, hy moet dit eet! Dit is nie maar 'n geselligheid, 'n lekker samekoms wanneer die Woord verslind word nie, sommeer maar 'n vinnige kort prekie hoor want dit is hoe ons daarvan hou! Of mense praat van o dit was so 'n mooi preek. Die preek het my gestig maar eintlik is sulke opmerkinge so gevaarlik. In hoeverre wil eksel self eintlik bepaal dit wat op die tafel van God se Woord moet wees. Dit is nie ek of jy wat die Woord stig nie, die Woord sal ons stig. Ook daardie dele van my lewe wat ek eintlik al bederf geraak het en die Woord nou my bedorwe smaak uitwys. Die Woord wil nie maar gehoor, geprys, oor gejubel word nie, maar wil geëet word. By die opneem van die Woord wil die Here dat daarmee gewerk moet word.

Dit wat die kerk van die Here moet wees is nie 'n slaapkamer nie, maar 'n werkkamer, terwyl wie nie eet nie kan nie werk nie. Wanneer jy werklik vir die Here werk is daar baie wat geëet moet word. Dit gaan hier nie maar om dit wat jou en my behoefte is en so kom ek kerk-toe want nou het ek die verlange daarna. Nee, dit is hoe mense met waarsêers maak. Gaan maar na die waarsêer as hulle graag iets wil weet. Ek wil weet waar die donkies is, of my os is weg, nou gaan soek ek die waarsêer op. Verder is die waarsêer maar daar eenkant in sy geheime kamer en donker hoekie. God se Woord is geen waarsêerswoord, moet nie maak asof dit maar ook verbygegaan kan word as ek nie behoefte daaraan het nie.

Pretoria- Voorbereiding- 16 Mei 2010

As die Woord 'n stuk van u lewe geword het, soos met voedsel gebeur, dan is dit soet soos heuning. Gedagtig aan wat daarop geskrywe staan, klaagliedere, smarte, krete, dan is dit eintlik wonderlik dat so iets wel soet genoem kan word. Al moet Esegïël so 'n harde boodskap oordra is net die blote feit om in diens van God te mag kom 'n soete ervaring. Alreeds is dit weer toerusting. Om te mag weet ek mag my in die soetigheid van die Woord verlustig. Daar is goedkeuring daaraan. Die regverdige oordeel waarmee God hierdie volk gaan straf klink wel op die oor af na bittere woorde, maar hier kom die wonderlike. Wanneer jy in God se koninkryk onlosmaaklik in God se diens verbind staan, dan is vreugde en blydschap eintlik deel van die onvoorwaardelike om die Here so te dien. Al moet ek dan ook bittere dinge weet en oordra, die feit dat God jou toerus en stuur bly soet selfs in die bittere. Onthou dit wat Esegïël moet eet is nie die opdrag tot die prediking nie, maar die prediking self. Daarin sit die wonder, dat selfs die wedergebore mens dit as wonderlik kan ervaar *in my mond soos heuning so soet...*

Esegïël kry te doen met wat ons met die Nagmaal elke keer mee te doen kry. Innemingskennis en bevindingskennis. So logies soos wat ek nie die smaak kan kry van iets wat ek nog nie geëet het nie, so werk dit ook hier. Die ete van die Woord, die inneming moet eers plaasvind, voor ek by die bevinding sal kan kom. Die bevinding is nie jy wat dit sal bepaal nie, maar dit is 'n ervaring, 'n ondervinding, 'n bevinding, van nou gebeur dit...ek ondervind en bevind die soete van Nagmaal nadat ek eers ingeneem alles wat hierdie bevinding voorafgaan. Die kruis op Golgota, die prys van Golgota, die graf wat leeg is, die berg wat vol is, Jesus vaar daarvandaan op, Hy gaan weer so terugkom. Neem dit in en bevind dan wat die Nagmaal jou hiermee skenk. Ons beleef baie bitterheid in ons tyd, misdaad en spanning, verval en vervuiling van dienste en rommel, mens word na na baie van die dinge wat om ons gebeur, maar in jou mag niks van hierdie dinge die soet van die Woord wegneem nie.

Al is die Woord nie 'n sus middel nie, dit bak nie maar mooi broodjies om die kwaad weg te praat nie, intendeel, dis hoekom die wêreld God se Woord en Jesus se kruis eintlik so haat want die Woord is hard. Dit verbrysel en slaan in stukke al die dinge waarmee ek myself voor God wil regverdig. Ek begin besef alles in my lewe wat los staan van wat geloof is, is sonde. Daar is niks in my wat uit nature soet kan wees en waarmee ek myself kan regverdig nie, maar tog die bevinding van die wedergebore siel waar God goedkeur, waar God regverdig, waar God werk. God begin waar ons eindig. God se tempel en God se gemeente word eers werklik geken as ons eie tempeltjies verbrysel is. Ek sê weer God begin waar ons eindig! As God se Woord ons tot die bloed toe ge gesel het, dan loop ons nie weg soos 'n hond wat geslaan is nie, maar dan sing die gelowige eers reg uit sy hart- hy sing dan onder andere Ps. 119:57- *Merk tog hoedat u bevele soetste spys is van my gees...* ook vers 61- *Van my lippe stroom die sange, want U maak my waarlik wys: al u wette is regverdig, daarom sal my tong dit prys.* Die soetigheid van die spys, die lippe en die tong is saamgevat in wat geëet kan word. Eet die Woord in u voorbereiding om die Nagmaal te eet. Innemingskennis gee bevindingskennis en dit kan nie andersom nie!

Esegïël het vanaf v.12 in hfst.3 moes huis-toe gaan. Jesus het ons ook Donderdag herdenk, kon huis-toe gaan. By Esegïël en so ook by Christus is die dinamiese krag van God se Gees die Een wat alles laat gebeur. Die Heilige Gees wat Esegïël optel en hom wegneem en hom neersit. Iets van 'n hemelvaart ook vir Esegïël, maar tog nie na die hemel nie, ons het gelees dat Esegïël het gevaar na die ballinge by Tel-Abib (vv14-15). Die Woord Tel-Abib dra die betekenis van oorblyfsel, dit wat van die klein plekkie oorgebly het na die vloed. Esegïël se eie gemoed soos ons reeds gelees het in v 14 staan erg in botsing, hy voel hom verbitterd en

Pretoria- Voorbereiding- 16 Mei 2010

verlate, want nou land hy in hierdie plekkie wat baie mense dalk as agterlik sal beskou, die Tel-Abib, hier waar nie eintlik meer veel oor is nie, maar 'n ou gehuggie bokant die vloedvlaktes, Maar hy sou gou moet besef dit is nie my keuse wat tel nie, maar God het my hier neergesit. Dit is hier waar die ballinge woon, in alles is dit hierheen waarheen die wiede moes draai, al het hy so baie wiede gesien... ek kan nie tempel toe gaan nie, ek moet na hulle gaan, sodat ONS SAAM tempel toe kan gaan. Ek is hier vir God se gemeenskap van heiliges, ek moet vir hulle daar wees, nie hulle wat vir my daar moet wees nie.

Die hand van die Here bly sterk op Esegïel druk, maar die soetigheid van die Woord sou sy binneste indring. Esegïel kan hom nie agter beskermdede mure van 'n ivoortoring verskans en nie werklik die lot van sy volksgenote nie aantrek nie. Die Here sorg dat hy tussen hulle land, daar staan dat hy by die plek van hulle woning gekom het (v15), waar daar nie 'n tempel is nie, maar as ons weer volgende keer- enkele weke van nou af verder kan lees- dan sien ons v 16, dit wat die Here daar van hom gemaak het, 'n wag, maar nog meer die woorde waarmee die Here sy lippe geopen het in wat hy nou moet sê, nadat hy so baie gesien, gehoor en selfs geëet het.

AMEN